HELDERBERG UITREIK:

UYAVULA LEES- & SKRYFPROJEK

Uyavula Lees- en Skryfprojek het 'n groot behoefte aan lesers en boeke, veral kinderboeke.
Gevra: Nog meer Omgee-lesers én kinderboeke.
Gee asb af by die kerkkantoor.

Het jy 'n hart vir Jesus en kinders én is lief vir lees?
Goeie nuus: Dan het jy oorgenoeg om 'n verskil te maak!
Raak asseblief betrokke by die Uyavula Leesprojek.

Hoe? Lees vir 1 kind of 1 klas.
Wanneer? Tydens skoolure – eenmaal per week.
Waar? Altena Primêre Skool, Macassar Primêre Skool of Oklahomasraat Primêr.

Kontak asb vir Amanda de Villiers by 082 326 1396

BYBELSTUDIE

STORMHAVEN PARK

28 April 2022 om 10:00
Koördineerder:
Coenie Basson - 082 552 1850

Helderberg Babas

Baie dankie aan elkeen wat die afgelope weke produkte aan Helderberg Babas geskenk het. Dit word opreg waardeer en is 'n groot hulp. Hierdie is voorwaar 'n Omgee-gemeente vol omgeemense.
Nogmaals dankie!
Tania Schultz, Helderberg Babas.

Vroue-oggend 27 April 2022

NGK Die Strand - Kerksaal
Kaartjies te koop by Die Strand kerkkantoor - afsnydatum 25 April.

Kategese

- **Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.**
- **Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.**

Junior kategese: 24 Apr: Woord-vitamines!

Jy het 'n daaglikse dosis van God se Woord nodig vir jou geestelike wedloop. Luister na Ps 1:1-3: "Dit gaan goed met die mens ... wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verwelk nie..."
Net soos 'n hardloper baie energie gebruik en aanvullers nodig het om top gesond te wees, so het ons aanvullers in die geestelike wedloop nodig. God se Woord vul ons en hou ons in piek gesondheid. Hoe help God se Woord om baie meer as vitamines te wees? Ons gaan oor God se Woord, die Bybel praat. Ons gaan prakties leer hoe om meer en meer Woord-vitamines elke dag in te neem vir ons geestelike wedloop. Mense lewe nie van brood alleen nie. Versadiging kom van God se Woord (Matt 4:4).

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner